

Memorandum: Begripstoets

1. Ciske
2. Hy het met almal skoor gesoek.
3. ...netjies gemikte vuishou...
4. Teruggetrokke
5. Jantjie het na sy asem gesnak.
6.
 - 1.6.1 Om iets die nek in te slaan, beteken ...
 - B. om 'n einde aan iets te maak.
 - 1.6.2 Iemand is 'n orige jukskei wanneer ...
 - C. hy in die pad is, onnodig is.
 - 1.6.3 Hulle weet nie wat hulle aan hom het nie, beteken ...
 - A. hulle weet nie waar hulle met hom staan nie.
- 1.7 Ciske is nie baie sosiaal nie en verkies om die ander kinders te vermy.
- 1.8 Voor
Visuele teks:
 1. Vrydag, 25 Maart
 2. 8
 3. voëls
 4. Herwinningsaansig
 5. Wiskunde

AFDELING B: TAAL IN KONTEKS

2 Junie 2020

Lees die onderstaande gedeelte goed deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

Moenie slapende honde wakker maak nie

Nols was een van daardie ondeunde soort knape wat enigiets sou aanvang ter wille van 'n bietjie selfsugtige vermaak.

So onverskillig en onbedagsaam was hy dat hy elke dag op pad skool toe die arme Prins, 'n wolf-hond wat aan 'n ketting vas was, met klippe gegooi en geterg het, selfs wanneer hy gelê en slaaphet. Dit was vir hom te wonderlik om te sien hoe die hulpelose, briesende dier verwoed storm en dan eensklaps neerslaan wanneer die ketting styf ruk; hoe hy krampagtig beur en ruk en pluk; hoe sy oë vlamme skiet van woede en wraaklus.

Met verloop van tyd het die ketting se skakels begin dun slyt, maar daarvan was Nols onbewus. Op 'n dag nadat hy weer die hond se siel uitgetrek het, hoor hy iemand beangs roep: "Pas op, daar kom die hond! Hardloop!"

Nols het net een maal omgekyk, die aanstormende dier gewaar en toe reguit na die naaste denne-boom geyl. Hy is nog 'n paar meter van die boom af. Prins is kort op sy hakke. Hy hoor die wrede gebrom, die gehyg van die dier se asem, die geknars van sy pote op die gruis. Nols bereik die boom net betyds, gryp 'n tak en met die inspanning van 'n wanhopige hys hy hom op. Klap-klap gaan die hond se tande 'n paar sentimeter van sy hakke af. Nols krul sy voete om die slap tak en klou vas soos 'n vlermuis. Die dier is onkeerbaar in sy woede. Sy bloeddorstige geblaf kan strate ver gehoor word. Hy spring teen die boom op om sy gehate vyand by te kom. Nols kyk af in die gloeiende oë. Sy arms begin lam word. Veel langer kan hy nie meer so hang nie. Hy durf nie beweeg nie, want dan begin die slap dennetak swaai ...

Nols bid om hulp. Hy is papnat gesweet. Hy hoor voetstappe. 'n Manstem roep: "Kom hier, Prins!" Toe die eienaar die hond se ketting gryp, val Nols soos 'n vrot pampoen vlak voor, maar gelukkig buite bereik van die rasende dier.

Nols het sy les geleer!

3.1 Watter soort sin is die volgende sin 'n voorbeeld van? Gee 'n rede vir jou antwoord.

Prins is kort op sy hakke.

3.2 Sê tot watter woordsoort die onderstreepte woorde behoort.

3.2.1 Sy bloeddorstige geblaf kan strate ver gehoor word.

3.2.2 Die slap dennetak begin swaai.

3.2.3 Sy oë skiet van woede en wraaklus.

3.3 Benoem die onderstreepte gedeelte van die volgende enkelvoudige sin volledig.

Die hond met die vier oulike kleintjies het baie melk gedrink.

3.4 Skryf 'n voorbeeld van vergelyking in die laaste paragraaf neer.

3.5 Ontleed die onderstaande enkelvoudige sin met behulp van die volgende gegewens.

Prins het Nols geweldig gehaat.

3.5.1 Gesegde

3.5.2 Onderwerp

3.5.3 Voorwerp

3.6 Is die gedeelte van die sin wat oorbly 'n byvoeglike – of bywoordelike bepaling?

3.7 Gebruik die homoniem van pyl in 'n verklarende sin. Die betekenis moet van die sin in paragraaf 4 (gepyl) verskil.

3.8 Skryf die sinoniem van die onderstreepte woord neer.

Dit was vir Nols te wonderlik om te sien hoe Prins eensklaps neerslaan.

3.9 Skryf in paragraaf 2 'n woord wat 'n voor- en agtervoegsel het neer.

3.10 Skryf 'n gedeelte in paragraaf 3 wat dieselfde beteken as om iets of iemand te terg neer.

3.11 Skryf in paragraaf 1 'n woord wat slegs 'n agtervoegsel het neer.

3.12 Skryf die basisvorm (stam) van die volgende woord neer: wanhopige.